

---

# Die Werkverbond

E212

Nico van der Walt

---

**U**iters belangrike sleutels vir die verstaan van die res van die Bybelboodskap is reeds in Gen 1-3 te vind. Een daarvan is die werkverbond tussen God en mens. Op die oog af word daar nie veel oor gesê nie, en tog is dit onmiskenbaar daar.

## DIE MENS WAS IN 'N WERKVERBOND MET GOD

Dit is so dat die woord "verbond" nie in Gn 1-3 gebruik word nie. Maar Hos 6:7 verwys na Adam se sonde as verbondsverbreking. Daarbenewens is al die elemente van 'n verbond teenwoordig in die verhouding tussen God en Adam.

Eerstens is daar twee partye - God en mens.

Tweedens word die liefdesverhouding tussen God en die mens sterk beklemtoon. God skep die mens na Sy eie beeld (1:26-27), en seën hulle (1:28). Hy voorsien alle lewensmiddele (1:29). Hy gee vir die mens 'n sinvolle lewensdoel (1:28; 2:15), asook rentmeesterskap en gesag (1:28; 2:19). As die mens eensaam is, kry hy 'n lewensmaat wat by hom pas (2:18, 20-25). En belangrikste van alles, die mens word nie net heilig geskape nie, maar alles tel in sy guns om in daardie geregtigheid te volhard. Hy is volkome toegerus vir 'n lewe van gemeenskap met God.

Derdens word 'n voorwaarde vir verbondsinstandhouding baie duidelik uitgespel - onthouding van die boom van kennis van goed en kwaad (Gn 2:9, 16-17). Dit word die proefgebod genoem.<sup>1</sup>

Vierdens kan daar geen misverstand wees oor die straf vir ongehoorsaamheid nie. Sou die mens van die boom eet, sou hy sekerlik sterf.

Vyfdens is daar 'n belofte en loon vir gehoorsaamheid - waaraan ons weldra aandag gee.

### 'n Definisie

*Die werkverbond is die verbond tussen God en Adam, as verteenwoordiger van sy ganse nageslag, wat belowe het dat gehoorsaamheid, deur nié te eet van die boom van die kennis van goed en kwaad nie, beloon sou word met die ewige lewe, en dat ongehoorsaamheid gestraf sou word met die ewige dood.*

## DIE AANVANKLIKE VERHOUDING TUSSEN GOD EN MENS

Nadat God die verbond ingestel het, was daar 'n dubbele verhouding tussen Hom en

---

1. Of die mens voor die sondeval van die boom van die lewe kon eet, is nie eksplisiet duidelik in die Skrif nie.